*VERSLAGWAARDIG:JA/NEE*
*SIRKULEER ONDER LANDDROSTE:JA/NEE*
*SIRKULEER ONDER REGTERS:JA/NEE*

# IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA (NOORD-KAAPSE AFDELING)

***KIMBERLEY***
***SAAK NO.: 364/2001***
***DATUM:15-05-2001***

**DIE STAAT**

teen

**ISAAC KUBHEKA**

***CORAM:*** BUYS R et MAJIEDT R

## *H E R S I E N I N G S - U I T S P R A A K*

**MAJIEDT R:**

1. Hierdie saak is op spesiale hersiening voorgelê as gevolg van 'n fout met die berekening van die bedrag van die beskuldigde se agterstallige onderhoud in 'n onderhoudsaak, as gevolg waarvan hy moontlik 'n swaarder vonnis mag opgelê gewees het as wat andersins die geval sou wees.

2. Die beskuldigde het in die landdroshof skuldig gepleit op 'n aanklag van oortreding van artikel 31(1) van die Wet op Onderhoud, 1998 (Wet 99 van 1998). Na toepassing van die ondervraging prosedure voorgeskryf in artikel 112(1)(b) van die Strafproseswet is hy skuldig bevind en gevonnis tot ses maande

gevangenisstraf wat in geheel opgeskort is vir 'n tydperk van 5 jaar op sekere voorwaardes. Een van die voormelde opskortingsvoorwaardes is dat die beskuldigde die agterstallige bedrag van onderhoud van R8650.00 maandeliks moes delg teen R500.00 per maand.

3. Die beskuldigde het inderdaad tydens die artikel 112(1)(b) – ondervraging erken dat die voormelde agterstallige bedrag korrek bereken is. Dit blyk egter nou dat dié bedrag verkeerd bereken is en is daar 'n eedsverklaring tot dien effekte voor ons geplaas op spesiale hersiening. Daarin verklaar ene Aletta Catherine Kotzé, 'n depositoklerk by die landdroskantoor te Vryburg, dat sy 'n *bona fide* fout begaan het met die berekenings en dat die beskuldigde inderdaad slegs die bedrag van R1700.00 agterstallig is.

4. Die landdros het die aangeleentheid op spesiale hersiening voorgelê omdat hy van mening is dat *"'n agterstallige bedrag van R1 700.00, opgebou oor 'n termyn van meer as 10 jaar, sou gewis 'n ligter vonnis tot gevolg gehad het."*

Hierby moet natuurlik gevoeg word dat die opskortingsvoorwaarde ten aansien van delging van die (verkeerd berekende) agterstallige bedrag regtens onhoudbaar is.

5. Ek stem saam met die landdros dat die skuldigbevinding en vonnis nie kan bly staan nie. Verder is die landdros natuurlik

*functus officio*, soos hy tereg aandui.

Ek sou gevolglik die skuldigbevinding en vonnis tersyde stel en die aangeleentheid terugverwys vir pleitverrigtinge *de novo* in die landdroshof, met inagneming van die feite wat nou beskikbaar is aangaande die korrekte agterstallige onderhoudsbedrag.

S.A. MAJIEDT

REGTER

Ek stem saam en dit word dienooreenkomstig gelas.

A.J. du P. BUYS

REGTER